

## Die toestand van die mens



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Romeine 1:16, 17, 22–32; 2:1–10, 17–23; 3:1, 2, 10–18, 23.

#### Geheueteks:

“want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (Rom. 3:23).

**R**eeds vroeg in die boek van Romeine streef Paulus daarna om ‘n kernwaarheid, die hoofrede vir die evangelie, te bevestig, naamlik die swak toestand van die mens se natuur. Hierdie waarheid bestaan omdat ons almal, vanaf die sondeval, met sonde besmet is. Dit is deel van ons gene net soos die kleur van ons oë deur ons gene bepaal word.

Martin Luther het in sy Kommentaar oor Romeine soos volg geskryf: “Die uitdrukking ‘almal het gesondig’ moet in ‘n geestelike sin verstaan word; d.w.s., nie soos die mens deur ander of self gesien word nie, maar soos wat God hulle sien. Hulle het almal gesondig, hulle wat bekende oortreders is sowel as hulle wat regverdig in hulle eie oë is en voor ander regverdig voorkom. Hulle wat uiterlike goeie werke doen, doen dit óf omdat hulle vrees dat hulle gestraf sal word, óf omdat hulle baat daarby sal vind en gesien sal word, óf deurdat hulle genot daaruit put. Hulle goeie werke spruit nie voort uit ‘n gewillige en bereidwillig gees nie. Op hierdie manier oefen die mens gedurig om goeie werke uiterlik te vertoon, maar is innerlik vol sondige begeertes en bose wellus wat goeie werke teenstaan.” — Martin Luther, *Commentary on Romans*, bl. 69, (vrye vertaling).

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 21 Oktober.

## Die krag van God

“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: ‘Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.’” (Rom. 1:16, 17). Wat sê Romeine 1:16, 17 aan jou? Hoe het jy die beloftes en hoop in hierdie verse ondervind?

---

---

Verskeie sleutelwoorde word in hierdie Skrifgedeelte gevind:

1. *Evangelie*. In Grieks beteken hierdie woord letterlik “goeie boodskap” of “goeie nuus”. As die woord alleen gebruik word, verwys dit na enige goeie boodskap; maar die frase “van Christus” verander dit na “die goeie nuus oor die Messias” (*Christus* is die Griekse woord vir die woord “Messias”). Die goeie nuus is dat die Messias reeds gekom het, en mense kan gered word deur in Hom te glo. Verlossing word net in Jesus en Sy volmaakte geregtigheid gevind – en nie in onself of selfs in God se wet nie.

2. *Geregtigheid*. Hierdie woord verwys na kwaliteit, hoe om “reg” te wees voor God. ‘n Gespesialiseerde betekenis van die woord word in Romeine ontwikkel, en sal meer duidelik word soos wat ons die boek van Romeine bestudeer. Daar moet daarop gewys word dat in Romeine 1:17 die woord “geregtigheid” deur die frase “van God” gekwalifiseer word. Dit is geregtigheid wat van God kom, ‘n geregtigheid wat God self verskaf het. Soos ons sal sien, is dit die enigste geregtigheid wat goed genoeg is om die belofte van die ewige lewe aan ons gee.

3. *Geloof*. In Grieks is die woorde wat as “glo” en “geloof” in hierdie verse vertaal word die werkwoord- en selfstandige naamwoordvorms van dieselfde woord: *pisteuo* (glo), *pistis* (geloof). Die betekenis van geloof met betrekking tot verlossing sal duidelik word soos wat ons vorder met ons studie oor Romeine.

**Worstel jy ooit met verlossings-sekerheid? Is daar tye wanneer jy regtig twyfel of jy gered is of nie, of selfs of jy ooit gered kan word? Waar kom hierdie vrese vandaan? Waarop is hulle gegrond? Is hulle dalk op die werklikheid gebaseer? Dit wil sê, leef jy dalk so dat dit jou belydenis van geloof weerspreek? Indien so, watter keuses moet jy maak om die beloftes en sekerheid wat Jesus bied, te ontvang?**

## Almal het gesondig

**Lees Romeine 3:23. Hoekom is hierdie boodskap vir ons as Christene in vandag se tyd so maklik om te glo? Terselfdertyd, wat kan veroorsaak dat sommige mense die betroubaarheid van hierdie teks in twyfel trek?**

---

---

Dis verbasend dat sommige mense eintlik die idee van die mens se sondigheid betwis en redeneer dat die mens fundamenteel goed is. Dit is egter die gebrek aan begrip van ware goedheid wat hierdie verkeerde siening veroorsaak. Mense kan hulle met iemand anders vergelyk en dan oor hulleself goed voel. Per slot van rekening, ons kan altyd iemand vind wat erger as onself is om ons mee te vergelyk. Maar, dit maak ons geensins goed nie. Wanneer ons onself met God en met Sy heiligheid en geregtigheid kontrasteer, sal niemand van ons met enigiets anders as 'n oorweldigende besef van weersin in en ontnugtering oor onself kan wegstap nie. Romeine 3:23 praat ook van “die heerlijkheid van God.” Hierdie sinsdeel was al op verskillende maniere vertolk. Miskien is die eenvoudigste uitleg daarvan volgens I Korintiërs 11:7, “... omdat hy (die man) die beeld en heerlijkheid van God is” (AOV). In Grieks kan die woord vir “heerlikheid” losweg gelykgestel word met die woord “beeld”. Sonde het die beeld van God in die mens geskend. Sondige mense skiet ver te kort om die beeld of heerlijkheid van God te weerkaats.

**Lees Romeine 3:10–18. Het enigiets vandag verander? Watter een van hierdie woorduitbeeldings beskryf jou die beste, of hoe jy sou gewees het as Christus nie in jou lewe was nie?**

---

---

So sondig as wat ons is, is ons situasie nie hopeloos nie. Die eerste stap is dat ons ons volslae sondigheid moet erken, asook ons hulpeloosheid om enigiets daaromtrent te doen. Dit is die werk van die Heilige Gees om ons tot so 'n oortuiging te bring. As die sondaar Hom nie weerstaan nie, sal die Heilige Gees die sondaar lei om die masker van selfverdediging, geveinsdheid en selfregverdiging af te skeur en homself of haarself dan voor Christus neer te werp, pleitende vir Sy genade: “O God, wees my, sondaar, genadig!” (*Luk. 18:13*).

**Wanneer was die laaste keer wat jy diep, deeglik en hard na jouself, jou motiewe, jou dade en jou gevoelens gekyk het? Dit kan 'n baie moeitevolle ondervinding wees, nie waar nie? Wat is jou enigste hoop?**

## Vordering?

By die twintigste eeuwisseling het mense geglo dat die mensdom besig was om te verbeter, dat sedelikheid sou toeneem en dat die wetenskap en tegnologie sou help om 'n Utopia te skep. Daar was daar geglo dat die mens wesenlik op pad na volmaaktheid was. Met behulp van die regte opvoeding en morele opleiding, was daar geglo, sou die mens homself en die gemeenskap in 'n groot mate kon verbeter. Dit was alles veronderstel om en masse (in groot menigtes) te begin gebeur terwyl hulle die uitdagings van die nuwe wêreld van die twintigste eeu aangepak het.

Ongelukkig het dit nie so gebeur nie, nie waar nie? Die twintigste eeu was een van die gewelddadigste en mees barbaarse tye in die geskiedenis van hierdie wêreld, grootliks as gevolg van – ironies genoeg – die vooruitgang van die wetenskap wat dit vir mense meer moontlik gemaak het om ander op 'n skaal dood te maak waaroor die ontaarde waansinnige mens van die verlede net oor kon droom. Wat was die probleem?

**Lees Romeine 1:22–32. Op watter maniere sien ons nou die dinge waaroor daar in die eerste eeu geskrywe was, in die een-en-twintigste eeu plaasvind?**

---

---

---

Ons mag dalk geloof nodig hê om in baie van die dinge van die Christendom te glo: onder andere, die opstanding van die wat gesterf het, die Tweede Koms, en 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Maar, wie het geloof nodig om in die gevalle toestand van die mensdom te glo? Elkeen van ons ondervind die gevolge daarvan elke dag.

**Fokus spesifiek op Romeine 1:22, 23. Hoe sien ons hoe hierdie beginsel nou openbaar word? Deur God te verwerp, wat het die mens in ons eeu begin aanbid en verafgod in die plek daarvan? En deur so te doen, hoe lyk hulle dwaashede? Bring jou antwoord na die klas op Sabbat.**

---

---

---

## Wat Jode en nie-Jode in gemeen het

In Romeine 1 het Paulus spesifiek die sondes van die nie-Jode, die heidene, hulle wat lank gelede van God vergeet het en daarom in die mees verslegtende gewoontes verval het, aangespreek. Maar hy was nie van plan om sy eie mense, sy eie volk, sommer so te laat wegkom nie. Ten spyte van al die voordele wat hulle ontvang het (*Rom. 3:1, 2*), was hulle ook sondaars en dus deur God se wet veroordeel, en het hulle ook die genadegawe van verlossing in Christus nodig gehad. In hierdie opsig — omdat hulle ook sondaars is deurdat hulle God se wet oortree het en dus Goddelike genade nodig gehad het om verlos te word — is Jode en nie-Jode dieselfde.

**Lees Romeine 2:1–3, 17–24. Waarteen waarsku Paulus hier? Wat behoort almal van ons, Jood of nie-Jood, uit hierdie waarskuwing te leer?**

---

---

---

“Nadat die Apostel getoon het dat alle heidene sondaars is, wys hy op ‘n spesiale en uitdruklikste manier dat ook die Jode in sonde lewe, veral omdat hulle die Wet uiterlik gehoorsaam, m.a.w. in letter maar nie in gees nie.” — Martin Luther, *Commentary on Romans*, bl. 61, (vrye vertaling). Dit is dikwels so maklik om die sondes van ander raak te sien en uit te wys. Maar hoe dikwels doen ons nie dieselfde, of selfs erger dinge nie? Die probleem is dat ons daarna neig om ons eie sondes nie raak te sien nie, of ons laat onself beter voel deur te kyk hoe sondig ander in vergelyking met onself is.

Paulus verbied dit. Hy waarsku sy eie volksgenote om nie gou te wees om die nie-Jode te veroordeel nie, want hulle, die Jode — selfs as die gekose volk van God — was ook sondaars. In sekere gevalle was hulle selfs meer skuldig as die heidene wat hulle so gou wou veroordeel, want hulle het as Jode meer lig as die nie-Jode ontvang. Paulus se punt hier is dat niemand van ons regverdig is nie, niemand van ons voldoen aan die Goddelike standaard nie, niemand van ons is sonder sonde gebore of van nature heilig nie. Jood of nie-Jood, manlik of vroulik, ryk of arm, godvresend of godversakend, ons is almal verdoem. En as dit nie vir die genade van God was soos dit in die evangelie geopenbaar word nie, sou daar geen hoop vir almal van ons wees nie.

**Hoe dikwels, selfs al is dit net in jou gedagtes, veroordeel jy ander vir dinge waaraan jyself skuldig is? Deur op te let wat Paulus hier geskrywe het, hoe kan jy verander?**

## Die evangelie en bekering

**“Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie beseft dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?” (Rom. 2:4). Watter boodskap is hier vir ons oor bekering en alles wat daarmee saamgaan?**

---

---

Ons behoort daarop ag te slaan dat God se goedheid sondaars tot bekering lei, en hulle nie dwing nie. God gebruik geen dwang nie. Hy is oneindig geduldig en streef daarna om alle mense na Hom toe te trek deur Sy liefde. ‘n Gedwonge bekering sal die hele doel van bekering vernietig, sal dit nie? Indien God bekering sou forseer, sal almal nie dan gered word nie, want hoekom sou Hy sommige en nie ander forseer nie? Bekering moet ‘n vrywillige handeling wees, ‘n reaksie op die leiding van die Heilige Gees in ons lewens. Ja, bekering is ‘n gawe van God, maar ons moet gereed en oop wees om dit te ontvang, ‘n keuse wat net ons alleen vir onself kan maak.

**Wat gebeur met diegene wat God se liefde nie aanvaar nie, wat weier om tot bekering te kom, en in ongehoorsaamheid voortlewe? Rom. 2:5–10.**

---

---

---

In Romeine 2:5–10, en reg deur die boek, beklemtoon Paulus dikwels waar goeie werke inpas. Regverdiging deur geloof sonder die werke van die wet moet nooit daarmee verbind word dat goeie werke geen plek in die Christelike lewe het nie. Byvoorbeeld, in Romeine 2:7 word verlossing as iets beskryf wat diegene ondervind wat daarna soek “deur volharding in goeie werke”. Alhoewel menslike inspanning nie verlossing kan teweegbring nie, is dit deel van die totale verlossingsondervinding. Dit is swaar om te sien hoe enigeen die Bybel kan lees en tot die gevolgtrekking kan kom dat werke en dade glad nie belangrik is nie. Ware bekering, die soort ondervinding wat uit ‘n gewillige hart voortspruit, sal altyd gepaard gaan met ‘n vasberadenheid om die dinge wat oorwin en mee weggedoen moet word, te oorkom.

**Hoe dikwels het jy ‘n bekeringsgesindheid? Is dit opreg, of neig jy om jou foute, tekortkominge en sondes te ignoreer? Indien dit die geval is, hoe kan jy verander? Hoekom moet jy verander?**

## Vir verdere studie:

“Die Bybelse terminologie wys dat sonde nie ‘n onheil is wat die mens onbewustelik oorval nie, maar dat dit die gevolg van ‘n aktiewe gemoedstoestand en keuse van die mens self is. Voorts is sonde nie die afwesigheid van dit wat goed is nie, maar dit is ‘die kortkom’ aan God se verwagting vir ons. Dit is ‘n sondige rigting wat die mens moedswillig kies. Dit is nie ‘n swaakteit waarvoor die mens nie verantwoordelik gehou kan word nie, want die mens, in sy gemoed of in sy sondedaad, kies willens en wetens om teen God te rebelleer, om Sy Wet te oortree, en om God se Woord nie te gehoorsaam nie. Sonde probeer om die perke wat God vir ons daar gestel het, te oorskry. Kortliks, sonde is om teen God in opstand te kom.” — *The Handbook of Seventh-day Adventist Theology* (Hagerstown, Md.: Review and Herald Publishing Association, 2000), bl. 239 (vrye vertaling).

“‘n Vreeslike toneel van die toestand van die wêreld was aan my getoon. Onsedelikheid is oral volop. Losbandigheid is die sonde van hierdie eeu. Nog nooit het onsedelikheid so onbeskaamd kop uitgesteek soos nou nie. Dit lyk asof die mens verdoof is, en die voorstanders van kuisheid en reinheid word deur die onbeskaamdheid, krag en algemeenheid daarvan ontmoedig. Die ongeregtigheid wat volop is, is egter nie beperk tot die ongelowige en die spotter nie. As dit maar die geval was, maar dit is nie. Baie manne en vroue wat belydende Christene is, is ook skuldig. Selfs sommige wat bely dat hulle uitsien na Sy koms is self nie meer as die Satan vir hierdie gebeurtenis gereed nie. Hulle reinig hulself nie van al die besoedeling nie. Hulle het so lank al hulle vleeslike begeertes gedien dat dit deel van hulle gedagtes en hul verbeelding geword het om onrein en korrup te wees.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 2, bl. 346, (vrye vertaling).

## Vrae vir bespreking:

1. Wat is jou antwoord aan hulle wat, afgesien van alles wat al gebeur het, daarop aandring dat die mensdom besig is om te verbeter? Wat is hulle argumente en hoe reageer jy daarop?
2. Lees die aanhaling van Ellen G. White hierbo in Vrydag se studie. As jy jouself hierin identifiseer, wat is jou antwoord? Hoekom is dit belangrik om nie wanhopig te word nie, maar om aan te hou om God se beloftes vir jouself toe te eien – eerstens, vir vergifnis; tweedens, vir reiniging? Wie is die een wat wil hê dat jy uiteindelik sal sê, “Dis nie moontlik nie, ek is te korrup. Ek kan nooit gered word nie, en kan net sowel opgee”? Luister jy na hom, of na Jesus wat aan ons sê: “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie” (Joh. 8:11)?
3. Hoekom is dit so belangrik vir ons as Christene om die mens se natuurlike sondigheid en verdorwenheid te verstaan? Wat kan gebeur wanneer ons hierdie hartseer, maar ware werklikheid uit die oog verloor? Na watter dwalinge kan ‘n valse begrip van ons ware toestand, ons lei?

